NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 36
18 September 2025

## Nou is dit genoeg, Here!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Vandag wil ek ook soos Elia onder 'n besembos sit en uitroep: *Nou is dit genoeg, Here!* Genoeg van geweld en oorlog. Genoeg van slaggate en riool wat in die strate afloop. Genoeg van dae sonder krag en krane sonder water. Genoeg, Here!**

'n Paar dae gelede lees ek in die koerant van die prokureur, Bouwer van Niekerk, wat koelbloedig in sy kantoor doodgeskiet is. Sy pa, prof Anton van Niekerk, het gesê: *Ons seun is uitgehaal omdat hy in mense se pad gestaan en die wet van die oerwoud aan die orde van die dag is. In die oerwoud neem jy wat jy wil en jy haal almal uit wat in jou pad staan.* Op 19 Maart 2023 is die vader-en-seun-likwidateurs, Thomas en Cloete Murray, in helder daglig op die N1 naby Johannesburg doodgeskiet. Dink aan fluitjieblasers Babita Deokaran, Sindiso Magaqa, Simangaliso Zwane … Korrupsie vier hoogty, en diegene wat dit waag om hul stemme te verhef, betaal dikwels die hoogste prys.

Nie baie anders nie as in Elia se tyd toe Isebel en koning Agab gemaak en breek het soos hulle wil. Nabot se wingerd word gesteel en hy boet met sy lewe. Isebel soek Elia se lewe en sy reaksie: *Nou is dit genoeg, Here! Here, ek is op!*

Ek kan met Elia identifiseer. Soos ek nou voel, sou ek vir die engel wat vir Elia roosterkoek en 'n fles water bring, wil sê: *Los my uit onder my besembos. Kos is nou die laaste ding in my gedagtes!*

Tog eindig Elia se verhaal nie by 'n besembos en 'n engel wat ewe gasvry vir hom kos aandra nie. Dit eindig by die Here wat Homself openbaar, nie in 'n geweldige sterk wind wat berge skeur en rotse verbrysel nie, nie in 'n aardbewing nie, nie in 'n vuur nie, maar in die sagte gesuis van die wind. Die Here wat vir Elia sê: *Draai om, gaan terug op jou pad in die woestyn en gaan salf 'n nuwe koning oor Aram en Israel, en gee jou mantel oor aan Elisa as profeet in jou plek! En, jy is nie alleen nie – daar is nog 7 000 mense in Israel oor wat die Here aanbid.*

Elia moes hoor dat die Here in beheer is, dat die Here doen, al lyk dit nie op die oog af so nie, en dat hy wat Elia is, altyd deel is van 'n geloofsgemeenskap. Al voel hy alleen. In hierdie troos en opdrag hoor ons – draai om! Praat, werk, wees deel van jou gemeenskap en geloofsgemeenskap. Doen jou deel! Doen wat reg is!

Van 6 tot 10 Oktober kom 'n groep van hierdie simboliese "7 000 gelowiges" byeen vir die Algemene Kerkvergadering om saam te dink en te gesels oor die Kerk en ons plek in die wêreld. Mag ons in hierdie vergadering getrou bly aan ons roeping – ook wanneer ons nadink, gesprek voer en selfs van mekaar verskil. Want God is teenwoordig: nie altyd sigbaar nie, maar soos die sagte fluistering van die wind – kragtig, lewend en altyd by ons. Dit is ons troos.

**Dr Sanrie de Beer, Philadelphia / Dosent HTK**



Dr Hein Delport



Prop Zanedrieka de Lange



Prop Christo Pieterse



Dr Johan Nel



Ds Martin Meyer



Mnr Van Rooy van den Berg

**Alle bydraes vir *Blitspos* moet vir tyd en wyl aan bladuitleg@nhk.co.za gestuur word. Mej Sanet du Plessis is tans met siekteverlof en mev Francis Nel sal tydens mej Du Plessis se afwesigheid verantwoordelikheid vir *Blitspos* aanvaar.**

## Lief en leed



- Dit is met leedwese dat ons kennis neem van **mej Marieta Bodenstein** se afsterwe op **14 September**. Marieta was vir jare deel van die Ouditafdeling by die Sinodale Dienssentrum. Haar toewyding, integriteit en rustige teenwoordigheid het 'n blywende indruk op haar kollegas en die breër kerkfamilie gemaak. Ons betuig ons innige meegevoel met haar familie, vriende en kollegas in hierdie tyd van verlies.

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 September, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (Krugersdorp-Noord)<br>AJ (Kobus) Pienaar (Kruin)
  - Maandag 22 September: Di ZC (Zet) Robberts (emeritus/Villiers)<br>E (Errol)Sheppard (Rietspruit)
  - Dinsdag 23 September: Dr GJ (Gert) Malan (Mosselbaai)<br>Ds DW (Wouter) Beukes (emeritus)
  - Woensdag 24 September: Dr JM (Thinus) van Staden (Montana)
  - Vrydag 26 September: Ds MJ (Marna) van der Westhuizen (beroepafwagtend)

- **Dr Hein Delport (Gemeente Swartkop)** is met ingang van **1 Januarie 2026** as die nuwe hoof van die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** aangestel. Dr Delport is die vierde hoof van die HTK ná prof Theuns Dreyer, dr Christo van der Merwe en dr André Ungerer; dr Ungerer tree aan die einde van 2025 af. Die Kommissie van die AKV het dr Delport tydens hul Septembervergadering as die nuwe hoof van die HTK aangewys nadat die pos geadverteer, aansoeke ontvang en onderhoude deur 'n komitee onder leiding van die Kuratorium gevoer is.

## Gemeentes en bediening

- **Proponente Peet Bloem, Kharla Guest, Carien Janeke, Helga du Plessis, Elizabeth Rossouw, Christo Pieterse en Zanedrieka de Lange** is beroepbaar gestel.

- **Prop Z (Zanedrieka) de Lange** (beroepafwagtend) het 'n beroep na **Swartkop** aanvaar en word op 21 September daar bevestig.

- **Prop C (Christo) Pieterse** (beroepafwagtend) het 'n beroep na **Losberg** aanvaar en word op 28 September daar bevestig.

- Die Kommissie van die AKV verleen emeritaat aan **dr J (Johan) Nel** (Bloemfontein-Wes / Dosent UV) op 31 Januarie 2026.

- Die Kommissie stem in dat **ds M (Martin) Meyer** (Secunda/Trichardtsfontein) op 31 Desember 2025 met vervroegde emeritaat gaan.

- Die Kommissie besluit om **mnr Van Rooy van den Berg** se aansoek om hertoelating tot die evangeliebediening te hanteer en doen oor hom navraag by kerkrade en ringskommissies onder wie se opsig hy vroeër was en tans is.

- **Ringe** word aangemoedig om vóór die AKV 'n spesiale geleentheid (desnoods by wyse van videokonferensie) vir **predikante en afgevaardigdes** te reël sodat hulle die **agenda van die AKV kan bespreek**.

- Die Kommissie stem in dat die primuslede van die Kommissie van die ADV as 'n **Komitee vir Diakonaat** bly funksioneer totdat die nuutverkose Kommissie van die AKV die Komitee vir Diakonaat saamstel ooreenkomstig die besluite van die AKV.

- In die lig van die besnoeiings aan maatskaplike subsidies deur die Noordwes-provinsie, het die Kommissie besluit om R370 000 wat van die Motsepe Foundation ontvang is, aan **Rata Maatskaplike Dienste** te skenk om te help verseker dat die instansie se kantore in die Noordwes-provinsie vir die res van die finansiële jaar met hul werk kan voortgaan.

- **Sinodale offergawes – volhoubaarheidsmodel:** Die Raad van Finansies wil gemeentes reeds vóór die AKV geleentheid gee om volledig oor die beskrywingspunt ingelig te word en moontlike vrae daaroor te opper. Die Raad glo dat dit die gehalte van die gesprek tydens die AKV sal dien en daartoe sal bydra dat die 74ste AKV ’n goeie besluit tot voordeel van die Kerk sal neem. Daarom bied die Raad op **18 September van 09:00 tot 11:00 en van 18:30 tot 20:30** ’n webinaar aan insake hierdie voorgestelde volhoubaarheidsmodel vir sinodale offergawes:

  **Zoomskakel:**
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  **ID:** 942 768 9935
  **Wagwoord:** SGB

- **Gemeente Rustenburg-Kloof** vier op **21 September** hul 50-jaar-herdenking onder die tema ***50 jaar van genade*** en nooi alle lidmate – oud én huidig – uit om saam met hulle hierdie besondere feesdiens by te woon en dankie te sê vir 50 jaar van God se genade. Die erediens vind plaas op Sondag 21 September, met koffie en tee vanaf 08:00 en die erediens wat om 09:00 deur ds Philip Prinsloo gelei word. Ná die diens sal daar ’n gesellige ete plaasvind. Diegene wat dit wil bywoon, word vriendelik versoek om **oudl Lettie Mienie** te kontak by **071 177 1557**. Kom deel saam in hierdie vreugdevolle mylpaal van dankbaarheid en genade!

- **Gemeente Odendaalsrus** vier op **28 September** hul 70-jaar-herdenking onder die tema ***70 jaar van genade*** en nooi belangstellendes hartlik uit om saam te kom deel in hierdie spesiale geleentheid. Die erediens begin om 10:30 by die kerkgebou in Boshoffstraat 30, Odendaalsrus, en word gelei deur ds Cas du Plessis, met nagmaal wat deur ds Anel Boshoff bedien word. ’n Skyfievertoning oor die gemeente se geskiedenis sal vertoon word, en daarna is daar ’n ligte ete en geleentheid om saam te kuier. Laat weet asseblief voor **19 September** hoeveel persone dit gaan bywoon.

- **Ds E (Errol) Sheppard emeriteer** aan die einde van September. Sy kollegas en vriende word hartlik uitgenooi om die geleentheid saam met hom op **Sondag 28 September** om 10:30 te Gemeente Vanderbijlpark, hv Goethe- en Langenhovenstraat, Vanderbijlpark te vier. Bevestig u teenwoordigheid **nie later nie as 19 September** by ds Errol, per e-pos by **es.ds.nhk@gmail.com**, of by 083 455 6922.

## Werkgeleenthede

- **Gemeente Namibkus** (wat Hentiesbaai, Swakopmund en Walvisbaai bedien) nooi ’n predikant of proponent van die Kerk om van **30 November 2025 tot 11 Januarie 2026** in die gemeente te preek en krisisgevalle te hanteer terwyl hul predikant met langverlof is. **Gratis verblyf** word verskaf vir die besoekende predikant en gesin in ’n ruim drievertrekwoonstel, en die gemeente sal ’n **reiskostebydrae** gee vir die reis na en van Namibië. Kontak **ds Leon Janse van Rensburg** so spoedig moontlik vir meer inligting by **+264 81 128 5169 of leonjvr@iway.na**.

- **Gemeente Dolfynkus** (38 belydende lidmate, twee dooplidmate) bied ’n **deelsorg-bedieningsruimte** aan vir ’n gelegitimeerde predikant van die NHKA. Die gemeente is 98 jaar oud en hou eredienste in Westbrooke. Geen pastorie is beskikbaar nie. Die posisie is ideaal vir ’n roepingsgedrewe persoon met ’n lewende verhouding met Christus, ’n liefde vir mense, en ’n verbintenis tot Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid. Verantwoordelikhede sluit in eredienste, pastorale sorg, besoeke, deelname aan gemeenteaktiwiteite en strategiese beplanning. Eie vervoer is ’n vereiste. **Vergoedingspakket: R408 000 per jaar**, plus **behuisingstoelaag van R18 000 per maand** (onderhandelbaar). **Aansoeke sluit op**

**10 Oktober 2025**. Stuur CV (met VBO-krediete), geloofsgetuienis en verwysings aan **dr Hannes Janse van Rensburg** by **hannessgb@nhk.co.za**. 'n Vraelys sal na ontvangs gestuur word. Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n virtuele of fisiese onderhoud in **Ballito**. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad behou die reg om nie 'n beroep uit te bring nie.

## Vergaderings

- Saterdag 8 November: NHSV Dagbestuur
- Donderdag 13 November: Kommissie van die AKV
- Vrydag 14 November: Kommissie van die AKV

## Kerklike en ander publikasies











## Kom kyk saam

- Kyk hoe vier Ons Tuis Machteld Postmus Afrikaans se 100ste verjaardag vanjaar met musiek en digkuns!

## ’n Gedig

**Maalstrik**

jou het ek tog nie verloor nie, my lief
die taal kan niks nie ontken nie al doen hy
sy uiterste, dubbele negatief

ek kan jou nooit nie kry nie, sê jou brief
alte nadruklik, maar dié maal maak
twee minne op die end ’n positief

jou vermenigvuldiging was verniet
en misreken het jy die som van die taal:
geen rededeel maal die liefde tot niet

**Daniel Hugo**
(Uit: *Vuurdoring*, 1987)

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet.
  - 24 September: Oos-Moot
  - 27 September: Klerksdorp-Wilkoppies<br>Strand<br>Outeniqua<br>Bronkhorstspruit
  - 25 Oktober: Kempton Park-Oos

- **Gemeente Bronkhorstspruit** hou **basaar op 27 September 2025** van **07:30 tot 14:00**:

  Met Nasionale braaidag agter die blad
  Is dit tyd om die pad te vat
  Want alle paaie lei na Bronkhorstspruit
  Want dis weer ons gemeente se grootste jolyt
  Kom koop jou maand se vleis
  Teen die beste afslagprys
  Tradisionele eetgoed om van te kies en keur
  Elkeen met sy eie kleur en geur
  Die teetuin waar jou moeë bene kan herstel
  Terwyl jy koek en koffie bestel
  Sien jou daar
  Terwyl die jongklomp lekker baljaar!

- **Gemeente Oos-Moot** hou ’n **Magaliesfees op Woensdag 24 September (Erfenisdag)** by hul kerkgebou in **Collinslaan 1265, Pretoria**, van **08:00 tot 14:00**. Die fees word aangevul met tradisionele stalletjies soos kerrie-en-rys, boepensbroodjies (*jaffles*), pannekoek, worsbroodjies, nagereg en bodemlose koffie, asook kettieskiet vir pret. Nuwe aanbiedinge sluit roosterkoeke met konfyt en Geniet-’n-minuut-speletjies in. By die Erfenisstalletjie kan brood in ’n koolstoof gebak word, en Braaidag bied die kans om die flambadou-braaitegniek (*flame basting*) te probeer. Die *Walk for a Child*-inisiatief sluit ’n trapmeul-marathon en haarkleur-aksie in ten bate van die DPS-huise.

- **Gemeente Outeniqua** hou **Saterdag 27 September basaar** by hul kerkgebou in **Derdestraat 25, George**, van **09:00 tot 13:00**. Die basaar word voorafgegaan deur ’n **gesellige saamkuier en ete die Vrydagaand om 18:00** op die kerkterrein. Heerlike kos sal beskikbaar wees. Kom kuier saam as u in die omgewing is – almal is welkom!

- **Ons Tuis AMOT** (Andries Marié Oosthuizen-tehuis) in Parys nooi alle gholfspelers uit na hul Gholfdag op **Vrydag 19 September te Parys Golf & Country Estate**. ’n Vierbal-inskrywing beloop R2 400 met goeie pryse te wen. Daar sal ook ’n gelukkige trekking deur die dag plaasvind. Ondersteun asseblief ons Gholfdag deur ’n skenking of borgskap toe te staan vir ons tehuis. ’n Artikel 18A-sertifikaat kan uitgereik word vir ’n belastingaftrekking vir die skenkings. Vir besprekings en borgskappe, skakel Lizette by 056 818 1567, Jan by 082 421 1122, of Belia by 084 580 6104.







- Dit is amper weer tyd **vir Gemeente Makarios** se **jaarlikse Gholfdag** op **6 November** by **Kempton Park se gholfbaan**. Koste: R2 000 vir ’n vierbal of R500 per speler. **Borgskappe per gat** is beskikbaar teen R500 per gat. **Vir meer besonderhede of om te RSVP** kan die volgende persone gekontak word:
  - Carina Cronje 079 515 8596
  - Riaan Mong 082 337 3146
  - Ds Frikkie Viljoen 082 906 7774

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van ’n heerlike harepamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir ses persone ter waarde van R16 000.

  Daar is twee maniere om deel te neem:
  - Koop direk by Susan la Grange.

- ○ Jy kan ook via WhatsApp jou kaartjie by 072 636 8001 bestel. Jy sal ’n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjienommer as verwysing.

Bankbesonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, rekeningnommer 033358346, takkode 052752.

Die trekking vind op **30 November** plaas!

## Toerusting

- Namens die **Fakulteit Teologie en Religie** aan die **Universiteit van Pretoria en die Departement Godsdiensstudies**, nooi **prof Jaco Beyers** u hartlik uit na ’n openbare aanlyn lesing oor die tema: *From faith to distrust: Observations on conspiracy beliefs.*

  **Aanbieder**: Mnr Samuel Epp
  **Datum**: Donderdag 18 September 2025
  **Tyd**: 19:00-20:00
  **Plek**: Aanlyn
  **Navrae**: **Jaco.Beyers@up.ac.za**
  **Skakel na sessie**: Klik ***hier***

- Die dekaan van die **Fakulteit Teologie en Religie** aan die **Universiteit van Pretoria**, **prof Rantoa Letšosa**, nooi u hartlik uit na die inwydingslesing van **prof Ananda Geyser-Fouché**, professor in Ou Testamentiese en Hebreeuse Studies.

  **Titel van lesing**: *Intertextual memory and the creative scribes of the Second Temple Period*
  **Datum**: Maandag 29 September 2025
  **Tyd**: 17:30 vir 18:00 (gaste moet teen 17:50 sit)
  **Plek**: Sanlam Ouditorium, Hatfieldkampus, Universiteit van Pretoria
  **Kleredrag**: Semi-formeel
  **RSVP**: Teen Vrydag 19 September 2025 – klik asseblief op die skakel om te RSVP
  **Navrae**: Mev Anchen November – **anchen.november@up.ac.za**
  **Skakel na sessie:** Klik ***hier***

- **Mnr Gerhard Pieters** van die Sinodale Dienssentrum het op 9 en 10 September die ATA-konferensie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Bloemfontein bygewoon. Die tema van die konferensie, *Die toekoms van die verlede*, het gefokus op die invloed van tegnologiese ontwikkeling op die bewaring van argiewe, en hoe instellings hul praktyke moet aanpas om relevant te bly in ’n digitale era.



**Voor (vlnr): Mnr Niklas Zimmer, mnr Gerhard Pieters, me Annalize Meyer, mnr Tertius Botha, me Collette de Wet, dr Diederick Basson, mnr Braedon van Rooyen. Agter (vlnr): Prof Francois Muller, me Nadia Allers, mnr Pieter Nel, me Lizelle Smit en me Hannelize van Wyk**

Gerhard was een van die sprekers en het die Hervormde Kerk as voorbeeld gebruik om te illustreer hoe geloofsgemeenskappe hul argiefpraktyke moderniseer. Hy het verduidelik hoe die Kerk oorgaan na elektroniese argiefstukke en hoe platforms soos Microsoft SharePoint gebruik word vir dokumentbestuur en digitale bewaring.

Tydens die konferensie is ook besin oor die rol van Kunsmatige Intelligensie in argiefwetenskap, en hoe dit moontlik benut kan word om toegang, klassifikasie en bewaring te verbeter. Digitisering en die implikasies daarvan vir die toekoms van argiewe was ’n sentrale tema in verskeie gesprekke.

- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis van 1 700 jaar gelede. Die HTK het ’n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om Nicea op hul eie manier te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is ’n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde advertensie in *Blitspos* dop om op die hoogte te bly.







## Barmhartigheid

- Kom stap saam met ***Sestig-sestig-loop-vir-’n-kind***. Hierdie fondsinsameling vir die DPS-huise van Montana en Ninapark vind op **24 September** by Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees plaas. Die doel is om **60 km te stap en R60 000** in te samel. Spanne van ses kan inskryf en finansiële donasies kan gemaak word. U bydrae om by R60 000 uit te kom, kan inbetaal word by:

  Plesion NPC
  Bank: Nedbank
  Rekeningnommer: 1127321897
  Verwysing: Walk for a Child

  Stuur e-pos na **info@plesion.org.za** vir meer inligting.

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in ’n rustige omgewing naby ’n winkelsentrum en kliniek.
  - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
  - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
  - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

  Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel suster **Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.


## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die week

Here, ek is een van die mense wat oud genoem word.
Ek lewe in die aand. Nie lank nie, dan is dit nag.
Laat my in my laaste treë nie alleen nie.
My lewe het eenmaal waarde en sin gehad.
Ek het gewerk, gelei, invloed uitgeoefen.
Wat ek gedoen het, skuif weg, al hoe verder weg.
Ek bid U, bewaar my van bitterheid,
van die drang om my kennis en my kranigheid te bewys,
van die gevaar om te sê dit was alles reg.
Ek wil leer om te laat los.
Ek wil my op niks anders as u goedheid verlaat nie.
Laat U my nie los nie!
Amen.

**Jörg Zink**
(Uit: *'n Keur van wysheid*, Nina Smit, 2004)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis en mev Francis Nel |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |
| Joernalis: | Ds Iwana Kruger |